Nuusbrief 202

10 Mei 2016

Beste Lede,

SANS 1288 Ed 3.5 – KOEVERT BEHANDELING VIR MOEILIK BEHANDELBARE GESAAGDE SAGTEHOUT, EN BEHANDELING VAN GESAAGDE EUCALYPTUS TOT VERSADIGINGSPUNT

Die gewysigde SANS 1288:2016 Ed3.5, effektief vanaf datum van publikasie, is goedgekeur op 8 April en is nou beskikbaar by die SABS Standaarde verkope afdeling (sales@sabs.co.za or 012 428 7911). Die nuutste wysiging sluit die behandeling tot versadigingspunt van gesaagde Eucalyptus (met klas W-middels) vir H2 doeleindes, waar verdere penetrasie en retensie nie meer moontlik is nie. Die wysiging sluit ook die toelating van 'n H2 koevert behandeling vir ondeurdringbare gesaagde sagtehoutsoorte (bv. spruce) met ligte vlugtigoplosbare organiese middels in. Die behandeling en proses vereistes word duidelik omskryf in voetnotas vir H2 gevaarklas in tabele 1 en 2 tesame met definisies vir die behandeling tot weiering.

HERSIENING VAN NASIONALE BOUREGULASIES EN BOUSTANDAARDE WET

SAWPA het onlangs 'n belangegroepvergadering oor die hersiening van die Nasionale Bouregulasies en Boustandaardewet bygewoon waar die Departement van Handel en Nywerheid die planne vir die hersiening van die wetgewing, asook die daarstel van 'n taakspan om die proses te lei, bekend gemaak het. Daar word voorsien dat die proses tot 5 jaar kan duur. Dit is belangrik dat SAWPA tydens die proses op hoogte bly met die vordering, en insette te lewer om te verseker dat die huidige vereistes behoue bly. Terselfde tyd is dit ook 'n gepaste tyd om insette te lewer rakende tekortkominge wat aangespreek moet word, bv. die nuwe energiebesparende reëls wat spoumure voorskryf, en wat die potensiaal het om infestering van struktuurhout deur ondergrondse termiete in die binneland te bevorder.

BOSBERAAD TUSSEN DEPT BOSBOU, BOSBOUSEKTOR EN ANDER BELANGHEBENDE STAATSDEPARTEMENTE

'n Bosberaad gereël deur die Departement van Bosbou is op 22 en 23 April gehou wat verteenwoordigers van die bosbouverwante bedrywe, bv. Bosbou Suid-Afrika (FSA), Saagmeulenaarsvereniging (SSA), Papiervervaardigersvereniging (PAMSA) en SAWPA ingesluit het, asook al die nodige staatsdepartemente soos Water & Sanitasie, Handel & Nywerheid, Publieke Ondernemings, Landelike Ontwikkeling & Grondhervorming, en Omgewingsake. Die Bosberaad is gereël deur die adjunk-minister van Landbou, Visserye en Bosbou om oor prioriteitsake soos landelike ontwikkeling, werkskepping, nuwe aanplantings, herplanting and vorige onttrekte gebiede en staatsplantasies, uitreiking van waterlisensies asook transformasie in die sektor, die nuwe Uitheemse- en Indringerspesieregulasies, en die konsep Genusomskakelingregulasies te praat.

Alhoewel die meeste van die sake hoofsaaklik met die groeiers verband hou, sal die uitkomste 'n direkte impak hê op die proseseringsektor waarvan ons deel vorm. SAWPA se ondersteuning en bystand is van groot belang vir die werk en insette wat FSA maak. Die uitkomste en voorgestelde aksies wat tot dusver voortgespruit het uit die Bosberaad was positief en indien deurgevoer, sal dit groei in die bedryf tot gevolg hê wat sal help om die doelwitte wat die regering aan die bedryf stel, te bereik.

VOORGESTELDE HERSIENING VAN ALLE SANS HOUTVERDUURSAMINGSPESIFIKASIES

'n Voostel vir die hersiening van SANS 10005, SANS 1288, SANS 457-2&3 sowel as SANS 753 en SANS 754 is by die onlangse SABS TC 218 vergadering, gehou op 19 April, voorgelê en in beginsel deur die lede teenwoordig ondersteun. Die veranderinge, wat ook by die onlangse SAWPA streekvergaderings bespreek is, beoog om die

bogenoemde spesifikasies te wysig om sodoende ontslae te raak van menige dupliserings, teenstrydighede aan te spreek of te verwyder, en die duidelike en korrekte interpretasie by die gebruikers en reguleerders oor te bring.

In beginsel sal die veranderinge meebring dat prestasie gebaseerde verduursamingsvereistes uit SANS 10005 verwyder word sodat die dokument voortaan slegs goedgekeurde verduursamingsmiddels en prosesse, omskrywing van gevaarklasse, gebruik van behandelde hout in geproklameerde gebiede, ens. aanspreek. Alle prestasievereistes, i.e. penetrasie en retensie van alle kommoditeite sal voortaan in SANS 1288 opgeneem wees, wat beteken dat die paalspesifikasies slegs die fisiese en materiële vereistes tot en met behandeling sal aanspreek, met verwysing na SANS 1288 t.o.v die verduursamingsvereistes. 'n Werkgroep is deur TC 218 aangestel wat deur Bruce Breedt saamgeroep sal word sodra hy die aanvanklike werkskonsepte opgestel het.

NUUT AANGESTELDE STREEKVOORSITTERS

As gevolg van die bedanking van die streekvoorsitters in die Suid & Oos-Kaapstreek en Wes-Kaapstreek, wat onlangs nuwe werksgeleenthede aanvaar het, het SAWPA op 'n proses van geskrewe nominasies en stemming besluit. Ons is bly om aan te kondig dat die nuwe voorsitter vir die Suid & Oos-Kaap Pierre La Grange van PG Bison - Woodline is, en die nuwe voorsitter vir die Wes-Kaap, Malcolm Wetmore van Somerset Timbers, is. Namens SAWPA se lede wil ons hulle graag bedank vir hulle bereidwilligheid, en welkom heet as streekvoorsitters en streekverteenwoordigers op die SAWPA uitvoerende komitee.

Ons opregte dank en waardering vir die vorige voorsitters, Henk Zonnestein en Francois Swanepoel, vir hulle toegewydheid en betrokkenheid, en alle sukses met die nuwe loopbane.

SABS TC 218 HOUTVERDUURSAMING – VOORGESTELDE HERSTRUKTURERING

'n Voorstel is by die onlangse TC 218 vergadering gemaak wat die implementering van drie subkomitees onder die hoof tegniese komitee sal beteken. Die subkomitees sal elk verantwoordelik wees vir standaarde wat handel oor a) houtverduursaming en prosesvereistes, b) chemiese spesifikasies en toetsmetodes, en c) fisiese en materiële vereistes vir houtprodukte wat behandeling as voorvereiste het. Die herstrukturering, indien suksesvol geïmplementeer, sal in lyn wees met die beoogde hersiening van spesifikasies soos vroeër verduidelik. Die funksie van die TC sal dus meer oorhoofs wees en handel met die toewysing van enige nuwe en toekomstige standaarde aan die mees relevante subkomitee, en sal ook verseker dat elke subkomitee sy mandaat sal nakom ten opsigte van die onderhoud en ontwikkeling van standaarde.

INTERNATIONAL RESEARCH GROUP ON WOOD PROTECTION - LISBON, PORTUGAL

Die jaarlikse IRGWP vergadering vind plaas vanaf 15 tot 19 Mei in Lisbon, Portugal. Die vergadering bring tussen 200 en 300 afgevaardigdes van oor die wêreld bymekaar wat hoofsaaklik bestaan uit wetenskaplikes van navorsing en akademiese instansies, sowel as industrie verteenwoordigers van verskeie chemiese en behandelings maatskappye en verenigings, met dieselfde algemene belang, i.e. houtbeskerming en duursaamheid. Jaarliks word daar tussen 100 en 190 referate gelewer wat oor vier dae in twee parallelle sessies plaasvind. As 'n lid van die IRG, en na goedkeuring van die SAWPA uitvoerende komitee, sal Bruce Breedt ook die verrigtinge in Lisbon bywoon om te verseker dat ons op hoogte bly van die nuutste verwikkelinge. Hy sal ook vir die derde jaar as medesameroeper van werkgroep 2.3 wat handel oor Chemiese en Fisiese Analises, optree. SAWPA lede wat meer inligting oor lidmaatskap en die IRG47 vergadering verlang, kan gerus die webtuiste www.irg-wp.com en skakel http://irg47.lnec.pt/ besoek.

SAWPA sal gedurende die geleentheid ook ’n amptelike aansoek indien om as gasheer vir die 2018 IRG vergadering op te tree in samewerking met die stad van Johannesburg se toerisme-afdeling. Indien die IRG se uitvoerende raad die aansoek positief vind sal dit aan die IRG lede voorgelê word vir finale stemming op die 19de Mei tydens die afsluitingsvergadering .

SAWPA GEBORGDE “GUIDE TO THATCH CONSTRUCTION” BEKENDGESTEL

Ons is trots om aan te kondig dat die nuwe “Guide to Thatch Construction” opgestel deur TASA en geborg deur SAWPA, amptelik bekendgestel is by die onlangse 10de bestaansjaarfunksie van TASA. Bruce Breedt het die aand bygewoon waar hy ook gevra was om een van die gelukwenstoesprake te lewer en ook ‘n 10 jaar lidmaatskap sertifikaat en spesiale hardebandweergawe van die gids namens SAWPA ontvang het. Die “Guide to Thatch Construction” kan gratis afgelaai word van die TASA webtuiste www.sa-thatchers.co.za of deur op die volgende skakel te klik http://www.sa-thatchers.co.za/wp-content/uploads/2016/04/GUIDE-TO-THATCH-CONSTRUCTION-IN-SOUTH-AFRICA1.pdf

NUUSBROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Februarie, Maart en April 2016 was onderskeidelik 24873, 22362 and 23214.
- WoodEX for Africa 2016: SAWPA beman ‘n 3 x 6 m area by die uitstallling wat vanaf 9 - 11 Junie 2016 sterk en ons nooi alle lede uit om ons te besoek. Ons sal binnekort komplementêre kaartjies aan ons lede beskikbaar stel. Vir meer inligting rondom die uitstalling besoek www.woodexforafrica.com
- WAARSKUWINGSETIKETTE : Ons herinner en beveel graag ons lede aan om proaktief en voorbereid te wees en gebruik te maak van die gratis etikette wat SAWPA aan sy lede beskikbaar stel . Die aanbeveling is dat ten minste 10 % van alle behandelde hout wat jou perseel verlaat, gemerk sal wees met die veiligheidsinligting. Veiligheidsetikettering sal binnekort met die publisering van SANS 10005 uitgawe 8 ’n vereiste wees.
- SAWPA is deelgenoot van African Construction Ekspo wat tussen 9 en 11 Mei in Johannesburg plaasvind, en ook die Cape Construction Ekspo wat in Kaapstad op 11 en 12 Augustus plaasvind. Vir meer inligting oor die ekspo’s kan u ons kontak by sawpa@global.co.za
- SAWPA bied ‘n kompetisie aan! Elke jaar versprei SAWPA ’n jaarkalender wat baie goed ontvang word. Indien u ‘n foto of foto’s in hoë resolusie het wat jy dink ’n goeie kalenderfoto kan wees, stuur dit gerus aan ons by sawpa@global.co.za.
- Dit is vir ons jammer om u mee te deel dat die Wood Foundation in tydelike ongebruik geplaas gaan word. Die besluit was by die onlangse AJV geneem weens die onvermoëvan die vereniging om sy bevondsingsdoelwitte te bereik. Dit word in tydelike ongebruik geplaas met die hoop dat ons wel vorentoe die doelwitte kan verwesenlik.
- Vind aangeheg ‘n lys van gratis publikasies beskikbaar vanaf SAWPA aan ons lede.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.